Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Grant Abrahams
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Grant.Abrahams@westerncape.gov.za | 021 467 2574

Lêerno.: 3/3/3/1/1
Verwysing: 20230208 -1209

Strategiese Mensbestuursminuut: 0005/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Prinsipale en Skoolgebaseerde Opvoedkundige Terapeute, Beraders en Sielkundiges

Onderwerp: Implementering van Kollektiewe Ooreenkoms No. 2 van 2022: Die Gehaltebestuurstelsel (GBS) vir skoolgebaseerde opvoedkundige terapeute, beraders en sielkundiges wat ingevolge die Wet op Indiensneming van Opvoeders in diens is

1. Op 23 November 2022 is die nuwe Kollektiewe Ooreenkoms No. 2 van 2022 betreffende die Gehaltebestuurstelsel (GBS) vir skoolgebaseerde opvoedkundige terapeute, beraders en sielkundiges wat ingevolge die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) in diens is, by die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys gefinaliseer.

2. Die doel van hierdie ooreenkoms is onder andere om die vorige prestasiebestuursuitdagings wat tydens die implementering van Kollektiewe Ooreenkoms No. 4 van 2005, gedateer 31 Maart 2005, ondervind is, uit te skakel, en om die doeltreffendheid en aanspreeklikheid van hierdie skoolgebaseerde professionele persone te verbeter.

3. Die verbeterde en veranderde GBS beoog om meganismes te verskaf vir die evaluering en ondersteuning van skoolgebaseerde opvoedkundige terapeute, beraders en sielkundiges, met inagneming van die konteks waarbinne hulle funksioneer.

4. Kollektiewe Ooreenkoms No. 2 van 2022 (Bylae A) is hierby aangeheg vir verspreiding aan alle skoolgebaseerde opvoedkundige terapeute, beraders en sielkundiges.

5. Kollektiewe Ooreenkoms No. 2 van 2022 het met ingang van 01 Januarie 2023 in werking getree.

6. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sal mettertyd die opleidingsbestuursplan en verwante implementeringsinligting aan alle belanghebbendes wat hierdeur geraak word, kommunikeer.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle skoolgebaseerde opvoedkundige terapeute, beraders en sielkundiges onder u toesig.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2023-02-20